PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

26 Maart 2023 | 041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Indien u vanoggend 'n besoeker, nuwe intrekker of -lidmaat hier is:

Baie welkom - Mag Hoogland u geestelike tuiste word.

Neem asseblief die vrymoedigheid en kom ontmoet/groet ds Pieter na afloop van die oggenddiens voor by die preekstoel.

Waterkrisis

Gesien in die lig van die kritieke waterkrisis in die streek en ook die burgemeester, Mnr. Retief Odendaal, se uitdaging aan die stad: "*one flush less*", word ons versoek om hande te vat en Hoogland se badkamers slegs in noodgevalle te gebruik asseblief.

Ouers met jong kinders word versoek om asseblief u kind te vergesel na die badkamer en te help toesien dat die water spaarsamig gebruik word. ONTHOU, tel elke druppel, want elke druppel tel!

Baie Welkom : Program van die dag

09:00 Oggenddiens : Ds Pieter Nel

10:00 Geloofsvormingsgroepe : Paasfees Pret in die Saal

Deurkollekte: Gemeentehulp

Program vir die Week :

Dinsdag: 28 Maart
14:00 Vrouebybelstudie
Woensdag: 29 Maart
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie
Vrydag: 31 Maart
05:15 Mannebediening
SKOLE SLUIT

Kom geniet gerus Sondae na die erediens 'n lekker koppie koffie in die Voorhuis!

ONTHOU asseblief

Hoogland maak staat op u koffie donasies.

Hoogland Bedieninge : Geloof deur liefde tot dade

Hoogland se Erediensbediening het JÓÚ hande nodig:

Dankoffers opneem tydens die erediens

Gewillige lidmate word weekliks deur die fasiliteitsbestuurder/naweekkoster gekontak om op 'n roterende basis behulpsaam te wees met die opneem van dankoffers tydens eredienste.

Koffie/tee bediening Sondae

Sondagoggende is daar 'n span wat op 'n roterende basis in die Voorhuis koffie/tee maak en bedien na afloop van die erediens.

Daar is gewoonlik ongeveer 30 tot 40 lidmate wat weekliks lekker saam kuier ná 'n oggenddiens.

Gemeentedienste & Verwelkoming by die deure

Lidmate doen weekliks, op 'n roterende basis, diens by die deure, waar almal hartlik verwelkom word. Gemeentedienste (in die voorportaal by die hoofingang) dien lidmate en beantwoord navrae.

Hulp met die bediening van nagmaal

Vrywilligers bedien die tekens aan die gemeente tydens nagmaal geleenthede. Hulle is hoofsaaklik verantwoordelik vir die uitdeel van wyn en brood.

HOOGLAND KK EN K
KOOR- KOS- & KUIERFEES

4 & 5 MEI 2023

KOORFEES : 4 Mei om 18:30

Kaartjies is beskikbaar @R60 om in Hoogland se kerkgebou die koorfees by te woon of @R35 om dit by die huis via "*livestream*" te kyk.

Die Donderdagaand sal daar ook heerlike kerrie & rys, boereworsrolle, samoesas en "*jaffels*" in die saal te koop wees tussen 16:00 - 19:00, tesame met 'n snoepie en 'n koffie-kuier-winkel met allerlei lekkerhede.

KOS- & KUIERFEES : 5 Mei vanaf 16:30

Bestanddele lyste: HELP ASSEBLIEF! Die Basaarspan benodig nog heelwat bestanddele. Laat dit gerus Sondae by Gemeentedienste of kom gee in die week by die kerkkantoor af.

Plaasstal: vra asseblief na enige ingelegte produkte, handwerk items, gevrieste maaltye om as geheel te verkoop.

Tuisgebak tafel: vra asseblief na enige gebak, veral groot koeke, yskasterte, lekker kolwyntjie, tuisgebakte beskuit, kleinkoekies, ens.

Lekkergoed tafel: as jy kreatief is en lekkergoed mooi kan verpak of "outydse" partytjie "*sweeties*" bv. windmeultjies óf motortjies óf toffieappels óf so iets kan maak gesels gerus met Annalize en bederf die kinders.

Veiling: beloof om hierdie jaar iets baie besonders te wees met spesifieke items soos 'n naweek vir 'n gesin van vier by *Krystal Beach* Hotel in Gordonsbaai asook 'n gesinsnaweek by Grootnek gasteplaas buite Joubertina.
Die veilingspan is egter opsoek na nog items om op te veil die Vrydagaand, items soos bv. 'n jag pakket vir dié wat hou van jag, heel lammers of skape, 'n "*airfryer*", lekker kampstoele of enige so iets wat opgeveil kan word!

Vir enige navrae oor tafels, skenkings, donasies van bestanddele of as jy wil aanmeld om te help - gesels gerus met Annalize of Leon.

Uit die Hart

Daar is 'n ou legende wat lui dat vier engele God dopgehou het terwyl Hy besig was om die heelal te skep.
Die eerste een het gevra: "Hoe doen U dit?" Hy was die vader van die weten-skaplikes.
Die tweede een wou weet: "Hoekom doen U dit?" Hy was die vader van die filosowe.
Die derde engele het gevra: "Kan ek U nie help nie?" Hy was die vader van die filantrope.
Die vierde se vraag was: "Wat is die waarde daarvan?" Hy was die eerste eiendomsagent.
Daar was ook 'n vyfde engel. Hy het in stille ekstase na die grootsheid van God se skeppingswerk gekyk en spontaan hande geklap. Hy was die naaste aan God se hart.

Hierdie legende het my laat dink en wonder of ons as mense... gelowiges.... Christen-mense, nie ook soos die engele maak nie? Hoe moet ek in Jesus se spore volg? Hoekom moet ons dit doen? Watter waarde hou dit vir my in? Ek kan nie help nie... in plaas daarvan om net Jesus se wonderwerk-spore in die lewens van mense raak te sien, Hom daarvoor te loof en gelowig daardie spoor navolg.
Jy sien, dis een ding om Jesus se spore in hierdie reeks raak te sien en God daarvoor te dank in ons eie lewe. Dis 'n ander ding om spore (tekens van ons dáár wees) soos Jesus s'n te los in ander mense se lewe.
Jakobus skryf baie sterk hieroor in hoofstuk 2 vers 14 en 17: "Wat help dit as iemand beweer dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie?... So gaan dit ook met geloof: as dit nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood."

Mag ons as geloofsfamilie se geloof deur liefde tot dade oorgaan... Sonder om vasgevang te raak in vrae wat ons verhoed om iets te doen...

Ds Pieter